

17 Maart

Skrifgedeelte: Numeri 5:1-8; Lukas 19:1-10
Fokusgedeelte: Numeri 5:5-8

Jou getuigenis teenoor jou medemens

In die eerste vier verse van Numeri word voorskrifte gegee oor optrede wanneer iemand in die kamp van Israel aan 'n velsiekte of geslagsiekte ly, of wanneer iemand aan 'n lyk geraak het. So 'n persoon was onrein en moes uit die kamp uitgestuur word. Een rede hoekom so 'n persoon uitgestuur is, was om te keer dat die gesonde Israëliete moontlik ernstige siektes kon aansteek.

Sien raak dat die voorskrifte oor optrede wanneer een persoon sy medemens benadeel, direk volg op die voorskrifte om te keer dat gesonde Israëliete siektes aansteek. Hieruit is dit duidelik dat benadeling van jou medemens ook 'n dodelike (en selfs aansteeklike) geestelike siekte is: dit is sonde, want daardeur is jy ontrou, nie net aan jou medemens nie, maar veral aan die Here. Immers, benadeel ons ons medemens, dan tree ons in ongeregtigheid op. Nog meer, ons kan ook ons medemens aansteek om dieselfde te doen, want dit is mos natuurlik aan ons menslike aard om kwaad met kwaad te vergeld.

Wanneer jy besef dat Jesus die Vader se geregtigheid vir jou sonde gedra het, word jy in 'n nuwe verhouding met God gestel. Nou wil jy tot sy eer lewe deur onder andere sy geregtigheid in jou optrede teenoor jou medemens te weerkaats. Toe Jesus in Saggeus se lewe ingetree het, het Saggeus hierdie waarheid dadelik besef. Hy wou sy ongeregtige optrede ongedaan maak. Hy het sy sonde teenoor die Here bely en hulle wat hy benadeel het, viervoudig vergoed.

Uit onself tree ons in ongeregtigheid soms verkeerd teenoor ons medemens op. As jy so optree, bely jou optrede voor God en doen wat jy kan om jou verkeerde optrede teenoor jou medemens reg te stel. So lewer jy getuigenis teenoor jou medemens van die volmaakte liefde en geregtigheid van ons God wat jou deel geword het.

Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2

Dr. JA Erasmus (Odendaalsrus)